basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2017

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

KWAZULU-NATAL

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | | |
   |---|---|---|
   | AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
   | AFDELING B: | Opsomming | (10) |
   | AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 20 minute
   AFDELING C: 50 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**



# REFENTSE

## Besig om sy eie pad in Afrikaans oop te sing!

1 *"Kyk of jy vir my die son kan vang*
*daar's 'n kamer in die huis waar ons die son kan hang ..."*

2 Dit is die woorde uit die liedjie *Sonvanger*, soos gesing deur onder andere Theuns Jordaan en nou ook deur die nuweling, Refentse Morake. Hierdie talentvolle Afrikaanse musieksensasie se storie is 'n ware voelgoed-verhaal. Dit is ook 'n verhaal van sukses wat op sosiale media ontstaan het.

3 Refentse het kleintyd by sy ouma gebly en sy ouers net gedurende naweke gesien. Alhoewel niemand in sy familie Afrikaans kon praat nie, het sy ouers hom na 'n Afrikaanse laerskool gestuur. Sy ouma en ouers het hom na Afrikaanse liedjies van meesters soos Koos Doep en Laurika Rauch laat luister, sodat hy die taal kon leer. Só het Refentse 'n liefde vir Afrikaans ontwikkel.

4 Refentse was later 'n leerder aan Vereeniging Gimnasium. Hier het hy aan verskillende buitemuurse aktiwiteite deelgeneem. Dit het kultuur en sport ingesluit. Hy sê sport het hom geleer dat daar 'n stelsel móét wees waarvolgens 'n mens werk, want dit help jou om balans te hou.

5 Op kultuurgebied het Refenste in die skool- en die streekjeugkoor gesing en aan verskeie kunswedstryde deelgeneem. Dis hier waar mense begin agterkom het dat hy baie goed kan sing.

6 Tydens sy matriekjaar het hulle skool 'n *Afrikaans is Groot*-produksie aangebied. Refentse was die musiekregisseur. 'n Ander wêreld het vir hom oopgegaan. Daar was baie uitdagings, maar Refentse was passievol oor hierdie taak as regisseur. Ten spyte van al die uitdagings, het hy dit geniet om sy medeskoliere in hierdie produksie te lei.


KWAZULU-NATAL
M5

7 Een van die hoogtepunte van sy skoolloopbaan was toe hy tot onderhoofseun verkies is. Hy het dit glad nie verwag nie. Hy het hierdie taak ernstig opgeneem en onder andere 'n plan beraam om rokery by die skool uit te roei. Sy posisie as onderhoofseun het perfek ingepas by sy passie om mense te lei. Maar dit was nog nie die einde van die verrassings wat sy matriekjaar ingehou het nie!

8 Op sy sewentiende verjaarsdag was Refentse besig om in die tuin by sy ouerhuis in Unitapark kitaar te speel en te sing toe Cecilia Kruger toevallig daar verbygeloop en hom hoor sing het. Sy het haar selfoon gebruik om 'n video-opname te maak en het vir Refentse gevra of sy dit op Facebook kon plaas. Refentse het ingestem, maar nooit gedink dat dit die begin van sy musiekloopbaan sou wees nie. Op daardie stadium wou hy in die Regte gaan studeer, by die politiek betrokke raak en president word!

9 In April 2015, net 'n paar weke nadat Refentse en sy musiek op Facebook geplaas is, het hy voor Spur in Oudtshoorn gestaan en sing tydens die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees (KKNK). Teen daardie tyd was hy reeds bekend en baie besig om sy liedjies oral te sing. Hy moes selfs iemand as sy bestuurder aanstel om sy optredes te reël. Terwyl hy voor Spur gestaan en sing het, het Karen Zoid, bekende Afrikaanse rockster, hom ook gehoor en gesien. Sy het hom genooi om daardie aand saam met haar by een van haar konserte op te tree. Vir Refentse was Zoid 'n kunstenaar sonder gelyke. Dit was die begin van groot dinge vir Refentse. Nadat hy saam met haar gesing het, het hy 'n CD-kontrak gekry, 'n musiekvideo gemaak en is hy na baie ander plekke uitgenooi.

10 Refentse se familie speel 'n groot rol in sy lewe. Sy ouers is sy rolmodelle. Hulle het hom van kleins af aangemoedig om na skool verder te studeer. Refentse is ook baie lief vir sy ouma. Hy sê dat hy by haar twee belangrike lesse geleer het, naamlik om altyd hard te werk en nooit te dink dat jy beter as ander mense is nie. Met elfjarige tweelingboeties en 'n sesjarige sussie in die gesin, het hy geleer dat alles nie altyd net om hóm draai nie. Hy maak egter nie 'n geheim daarvan dat sy kleinsus sy hart se punt is nie.

11 Refentse se bewonderaars hang aan sy lippe. Almal is mal oor sy mooi stem en mooi Afrikaans. Maar hy wil nie net mooi liedjies vir sy aanhangers sing nie. Hy hoop dat mense deur sy musiek van hulle verskille sal vergeet. "As almal net eg Suid-Afrikaans is, sal daar nie verskille wees nie," glo Refentse.

[Verwerk uit *Finesse*, Volume 1, Uitgawe 4, 2016]

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Refentse sing verskillende bekende Suid-Afrikaanse treffers. Noem EEN van hierdie treffers wat in die leesstuk genoem word. (1)

1.2 Watter TWEE dinge het Refentse se ouers en ouma gedoen om hom vir Afrikaans lief te maak? (2)

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

KWAZULU-NATAL
M5

1.3 Aan watter skool het Refentse gematrikuleer? (1)

1.4 Wat het Refentse beplan om ná skool te gaan studeer? (1)

1.5 Waaruit kan ons aflei dat Refentse 'n gebalanseerde skoolloopbaan gehad het? (1)

1.6 Waarom was dit vir Refentse lekker om die regisseur van sy skool se *Afrikaans is Groot*-produksie te wees? Lei jou antwoord uit paragraaf 6 af. (1)

1.7 Watter karaktereienskap het van Refentse 'n goeie onderhoofseun gemaak? (1)

1.8 Watter musiekinstrument bespeel Refentse? (1)

1.9 Cecilia Kruger het beplan om daardie dag na Refentse te gaan luister.

Watter woord in paragraaf 8 maak die stelling hierbo ONWAAR? (1)

1.10 Waarom kan ons sê dat Cecilia Kruger reg opgetree het met die verspreiding van die opname van Refentse se musiek? (1)

1.11 Waarom was dit vir Refentse nodig om 'n bestuurder te kry? (1)

1.12 Refentse se groot deurbraak as sanger het in April 2015 gekom.

1.12.1 Tydens watter jaarlikse geleentheid is Refentse werklik aan die Suid-Afrikaanse publiek bekendgestel? (1)

1.12.2 Waarom word Refentse se optrede saam met Karen Zoid beskou as die begin van groot dinge vir hom as sanger? Gee TWEE redes. (2)

1.13 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.13) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.13 E.

Refentse beskou Karen Zoid as 'n "kunstenaar sonder gelyke". (Reël 45)

Hieruit kan ons aflei dat hy dink dat ...

A geen ander kunstenaar so goed soos Karen Zoid is nie.
B die ander kunstenaars hom ook soos Karen Zoid sou help.
C geen ander kunstenaar so baie geld soos Karen Zoid maak nie.
D die ander kunstenaars hulle sukses aan Karen Zoid te danke het. (1)

1.14 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die antwoord neer.

Refentse se ouma het vir hom geleer dat 'n mens jouself nooit hoër as ander moet ag nie. Sy het hom dus geleer om (idealisties/nederig) te wees. (1)

1.15 Refentse erken dat sy sesjarige sussie sy "hart se punt" is. (Paragraaf 10)

1.15.1 Word die uitdrukking "hart se punt" hier denotatief of konnotatief gebruik? (1)

1.15.2 Verduidelik jou antwoord op VRAAG 1.15.1 deur na die betekenis van "hart se punt" te verwys. (1)

1.16 Refentse se sangloopbaan het vinnig ontwikkel.

1.16.1 Noem EEN manier waarop die skool dit vir leerders soos Refentse moontlik gemaak het om hulle sangtalent te ontwikkel. (1)

1.16.2 Hoe, dink jy, het sosiale media sy sangloopbaan aangehelp? (1)

1.17 Waarom, dink jy, sou dit verstandig van Refentse wees om nog steeds verder te gaan studeer al is hy 'n suksesvolle sanger? (1)

1.18 Refentse hoop dat musiek as 'n universele taal verskillende kulture bymekaar kan bring.

Watter SIN in paragraaf 11 impliseer hierdie stelling? Skryf die SIN neer. (1)

1.19 Hoe help die subopskrif van hierdie teks die leser? (1)

**GRAFIEK**


**TEKS B**

Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Die grafiek hieronder dui die verskille in kospryse in Mei 2016 en Mei 2017 aan.

## SO WORD KOS IN EEN JAAR DUURDER

### Verskille in Mei 2016 en Mei 2017 se pryse




BRON: Statistiek Suid-Afrika

[Verwerk uit www.grafika24.co.za]

1.20 Waarom verskyn die simbool vir koeldrank ook in die eerste inskrywing van die grafiek? (1)

1.21 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.21) en die antwoord (A–D) neer, byvoorbeeld 1.21 E.


Dit is goed dat die prys van brood en graanprodukte nie baie gestyg het nie, want ...

A boere het nie baie graan geproduseer nie.
B die styging in broodpryse laat groentepryse styg.
C baie mense kan net brood en graanprodukte bekostig.
D as dit duurder word om brood te verskaf, verloor mense hulle werk. (1)

1.22 Kyk op die grafiek hoe suiwelprodukte en vrugte se pryse in een jaar gestyg het.

Watter ooreenkoms sien jy raak? (1)

1.23 Watter kos word deur die volgende simbool voorgestel?



(1)

1.24 Hoe dui die grafiek visueel aan dat die prys van groente gedaal het? (1)

1.25 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (1.25) en die antwoord neer.

Die prys van lekkergoed en poeding wat gestyg het, hoef nie die meeste Suid-Afrikaanse huishoudings negatief te beïnvloed nie.

Die rede hiervoor is dat lekkers en poeding (nie 'n noodsaaklikheid is nie/ nie Suid-Afrikaners se gunstelingkossoort is nie). (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE redes hoekom 'n brugjaar goed is, in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die redes puntsgewys neer.
3. Skryf slegs EEN rede per sin neer.
4. Nommer die redes van 1 tot 7.
5. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
6. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**HOEKOM 'N BRUGJAAR GOED IS**

Jy is agtien jaar oud. Geen universiteit het jou aansoek aanvaar nie. Dan is dit dalk 'n goeie idee om aan 'n brugjaar te dink.

'n Brugjaar gee jongmense eerstens die kans om 'n blaaskans te neem ná twaalf jaar op skool. As jy eers begin werk, gaan jy nooit weer die kans kry om so avontuurlustig, selfs waaghalsig, te reis en te leef soos tydens jou brugjaar nie. Dit is 'n kans om 'n bietjie te waag en nuwe avonture te ervaar. Vir 'n jongmens is dit maklik om in 'n partytjieleefstyl vasgevang te word. As jy egter eers meer van die wêreld ervaar het, verstaan jy beter waaroor die lewe gaan. Dan sal jy byvoorbeeld besef dit hoef nie 'n prioriteit te wees om elke partytjie by te woon nie.

Studente skryf dikwels in vir 'n kursus en verander later na iets heeltemal anders. Dit kan baie duur wees. 'n Brugjaar kan jou help om seker te maak wat jy wil studeer voor jy jou tyd en geld belê. 'n Studie aan universiteite in Amerika het getoon dat die punte van studente wat 'n brugjaar gehad het, gemiddeld 6% beter as dié van die res is. 'n Brugjaar kan dus beter resultate beteken. Jy kan ook 'n interessante werk in jou brugjaar doen. Dit is die ideale geleentheid om nuwe vaardighede aan te leer. Jong gegradueerdes wat werk soek, het min of geen werkservaring nie. As jy tydens jou brugjaar werk, lyk dit goed op jou CV. Ten slotte sal dit ook vir werkgewers wys dat jy nie bang is om te werk nie.

[Verwerk uit *Huisgenoot,* 5 Februarie 2015]


**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Die nommering in die advertensie verwys na die nommer van die vraag wat beantwoord moet word.
- Daar kan opsetlike foute in die advertensie wees.

**TEKS D**




[Verwerk uit 2016 *My Race Magazine*]

3.1 Wat is die konnotatiewe betekenis van "Ek het 'n voëltjie hoor fluit ..."? (1)

3.2 Waarna verwys die "Tsh" in TshWi-Fi? (1)

3.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.3) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 3.3 E.


Met die vreemde spelling van "Jammerrr" wil die adverteerder ...

A aandui dat Wi-Fi altyd gratis is.
B met die mense in Tshwane simpatiseer.
C die ander inwoners van Suid-Afrika stereotipeer.
D beklemtoon dat hierdie diens slegs vir Tshwane is. (1)

3.4 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

'n (Warm) netwerk ... (1)

3.5 By watter EEN woord in die advertensie sluit die prentjie hieronder aan?



(1)

3.6 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.6) en die antwoord neer.

"**g**ratis **g**esels" is 'n voorbeeld van (assonansie/alliterasie). (1)

3.7 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

Dit is (vinnig) as gewone Wi-Fi. (1)

3.8 Vul die ontbrekende LIDWOORD in.

Laai die gratis toep af vir … naaste TshWi-Fi-Internetsone. (1)

3.9 Hoe kan 'n mens aan die drie mans se lyftaal sien dat hulle die TshWi-Fi geniet? (1)

3.10 Kies die KORREKTE woorde uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommer (3.10) en die antwoord neer.


Die logo van Tshwane simboliseer dat die stad (altyd beter wil doen/ Wi-Fi het). (1)
**[10]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS E**




[Verwerk uit www.thecomicstrips.com]

4.1 Voltooi die sin met die korrekte SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

Die ma is besig om met een vinger op haar ... te werk. (1)

4.2 Gee EEN voorbeeld van KLANKNABOOTSING in die strokiesprent. (1)

4.3 Waaruit kan ons aflei dat die ma en haar dogter moontlik in die kombuis sit? (1)

4.4 Gee 'n BETER AFRIKAANSE woord vir die slengwoord "cool" in RAAMPIE 1. (1)

4.5 Wat is die funksie van die musieknote in RAAMPIE 2? (1)

4.6 Hoe kan jy in RAAMPIE 4 sien dat die ma onseker is oor wat sy moet doen? (1)

Kopiereg voorbehou 

KWAZULU-NATAL

M5

4.7 Skryf die sin wat die ma in RAAMPIE 5 vir die dogter vra in die DIREKTE REDE.

Die ma vra vir die dogter of sy dit nie vir haar wil doen nie.

Begin die sin só: Die ma vra vir die dogter: ... (1)

4.8 Die humor van die strokiesprent kom in RAAMPIE 6 na vore.

4.8.1 Watter waarheid ontdek die leser omtrent die ma in RAAMPIE 6? (1)

4.8.2 Hoekom, dink jy, wil die boetie graag die sussie se assistent wees? (RAAMPIE 6) (1)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.9) en die letter (A–D) neer, byvoorbeeld 4.9 E.

Die glimlag op die meisie se gesig in RAAMPIE 6 wys hoe ... sy is.

A tevrede
B ontsteld
C hartseer
D verbaas

(1)
**[10]**


KWAZULU-NATAL
M5

## VRAAG 5: LEESTEKS EN PRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) gebaseer.
- Die nommering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.

### TEKS F

**BRAAIVLEIS VIR DIE REËNBOOGNASIE BY MZOLI'S PLACE**

Mzoli Ngcawuzeli het gedroom van 'n (5.1.1) (eetplek) waar Suid-Afrikaners van alle kulture bymekaar kan kom. Dit moes 'n plek wees waar mense (5.1.2) (lekker) kos, dans en musiek kan geniet.

Twintig (5.1.3) (jaar/jare) gelede het Mzoli hierdie droom bewaarheid. Vandag is Mzoli's Place in Gugulethu 'n gewilde eetplek wat (5.1.4) (deur) baie toeriste en plaaslike mense van alle rasse besoek word. Dit bied ook werk aan 35 werknemers.

Die (5.1.5) (toegang+fooi) om die eetplek te mag binnegaan, is nie te veel nie. Teen net R20 (5.1.6) ... persoon, kan baie mense dit betaal. Van (oud) tot (5.1.7) ... staan die mense in lang toue vir kos en wag. In die agtergrond speel (5.1.8) (vrolik) musiek. Hier en daar is mense besig om (5.1.9) (foto) te neem.

Die mengsel van rook en vleisgeur vul die lug naby die groot tent. (5.1.10) Die vleis word sommer op die sypaadjie gebraai. Daar is nie genoeg plek in die tent nie. (5.1.11) Groot stukke gebraaide skaap- en beesvleis word saam met pap wors en tjakalaka bedien.

Mense vra gereeld vir Mzoli wat die (5.1.12) (spyskaart/resep) vir Mzoli's Place se sukses is. Dan antwoord hy eenvoudig: "Goeie vleis, 'n wenner-tjakalaka, 'n veilige kuierplek vir my klante en hartlike gasvryheid." Mzoli is nou 64 en hy glo dat hy (5.1.13) ... doel bereik het.

Suid-Afrika se leuse is: "!ke e: /xarra //ke." Dit beteken dat mense wat verskillend is, saamkom. (5.1.14) Mzoli kry beslis volpunte hiervoor!

[Verwerk uit www.netwerk24.com, 21 September 2016]

5.1.1 Gee die VERKLEINWOORD van die woord tussen hakies.

Mzoli het gedroom van 'n (5.1.1) (eetplek) vir alle rasse. (1)

5.1.2 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

Dit moes 'n plek wees waar mense (lekker) kos, dans en musiek kan geniet. (1)

5.1.3 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Twintig (jaar/jare) gelede het Mzoli hierdie droom bewaarheid. (1)

5.1.4 Gebruik die HOMONIEM van **deur** in 'n sin sodat die betekenis duidelik is. (1)

5.1.5 Vorm 'n SAMESTELLING met die woorde tussen hakies.

Die (toegang+fooi) om die eetplek te mag binnegaan, is nie veel nie. (1)

5.1.6 Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Teen net R20 ... persoon, kan baie mense dit betaal. (1)

5.1.7 Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Van (oud) tot ... staan die mense in lang toue vir kos en wag. (1)

5.1.8 Gee die korrekte vorm van die BYVOEGLIKE NAAMWOORD tussen hakies.

In die agtergrond speel (vrolik) musiek. (1)

5.1.9 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Hier en daar is mense besig om (foto) te neem. (1)

5.1.10 Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die vleis word sommer op die sypaadjie gebraai. Daar is nie genoeg plek in die tent nie. (omdat) (1)

5.1.11 Vul die ontbrekende LEESTEKEN in. Skryf die sinsgedeelte oor en onderstreep die leesteken.

... word saam met pap wors en tjakalaka bedien. (1)

5.1.12 Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.

Mense vra gereeld vir Mzoli wat die (spyskaart/resep) vir sy sukses is. (1)

5.1.13 Vul die ontbrekende VOORNAAMWOORD in.


Mzoli is nou 64 en hy glo dat hy ... doel bereik het. (1)

5.1.14 HERSKRYF die sin hieronder en begin met die vetgedrukte woord.

Mzoli kry beslis volpunte **hiervoor**!

Begin die sin só: Hiervoor ... (1)

## TEKS G




[Verwerk uit www.googleimages.com]

5.2.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Elke leerder moet die regte (penne, kleurkryte, 'n liniaal en 'n uitveër) hê. (1)

5.2.2 Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Die leerders het die prente ingekleur. (1)

5.2.3 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die woord tussen hakies.

Die leerder knip die prent met 'n (scissors) uit sodat hy dit in sy boek kan plak. (1)

5.2.4 Skryf die sin in die INFINITIEF oor.

Leerders plak die prente met Pritt in.

Begin die sin só: Leerders gebruik Pritt (die prente inplak). (1)

5.2.5 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Die leerder skryf met 'n (potloot/potlood). (1)

5.2.6 Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Die leerders dra groot rugsakke. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

EA514TR1I0000001